

Qua Vadis?

EVANGELISASIEBLAD VAN DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA

Geregistreer by die poskantoor as nuusblad

NR. 61

Uitgegee deur die Deputate vir Evangelisasie van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, Posbus 20008, Noordbrug 2522, Potchefstroom en gedruk deur die Potchefstroom Herald (Edms.) Bpk., Posbus 156, Potchefstroom 2520.

Rewolusie of Evangelie

Gesag en gesagseerbiediging

In die rewolusie lê die beginsel van die omverwerping van bestaande dinge. Daarom is rewolusie nie in die eerste plek 'n politieke verskynsel nie, maar 'n geestelike lewenshouding.

Vir 'n Christen lê die hoogste gesag by God. Alle ander gesag is afgeleide gesag. Indien God verwerp of geloën word, word alle vorme van gesag daarmee aangetas. In sy wese is godsverwerping die wortel waaruit rewolusie voortgroeï. Daarom staan die gees van die rewolusie teenoor die Evangelie.

Die Ouerhuis

Die eerste en belangrikste plek waar die mens geleer word om gesag te eerbiedig, is die ouerhuis. Gesag, in watter vorm ookal, vra van ons gehoorsaamheid en onderwerping. In die huis moet die kind leer wat gesag is en hoe dit eerbiedig moet word.

Belangrik is dat, by die uitoefening van gesag in die ouerhuis, daar ook die liefdesverhouding van die ouer teenoor die kind en dié van die kind teenoor die ouer teenwoordig moet wees. Waar die liefde ten grondslag lê, kry ons spontane onderwerping aan gesag. Tog weet ons dat die ouerlike tug soms nodig is om ook hierdie gesag te laat geld, maar ook hier gee die liefde die deurslag.

Gesagsverwerping

Die feit dat mense weier om gesag te eerbiedig, is geen moderne verskynsel nie. Dit het in ons tyd net groter afmetings begin aanneem.

Die verskynsel van gesagsverwerping is ten laaste 'n godsdienstige probleem. As God nie meer as die hoogste Gesagdraer erken word nie, word 'n vraagteken agter alle ander vorme van gesag geplaas. Daarom staan rewolusie teenoor Evangelie. Die Evangelie plaas gesag as 'n goddelike gegewe — 'n noodsaaklike voorvereiste vir harmonie en orde in elke lewensverband.

Sondewerklikheid

Van nature skop die mens teen gesag. Sonde is in sy wese ongehoorsaamheid teenoor God. Dit bring opstand mee teen alle vorme van gesag. Die menslike neigings is in sy diepste wese rewolusionêr. Daarom word gesag nie spontaan eerbiedig nie, maar moet dit afgedwing word. Vandaar al die wette en regulasies en vandaar ook dat die owerheid allerlei strafmaatreëls moet toepas om sy gesag te handhaaf.

Die Vyfde Gebod

God het aan ons ook hierdie gebod gegee: "Eer jou vader en jou moeder" en by hierdie gebod is 'n belofte "dat dit met jou goed mag gaan en jy lank mag lewe op die aarde." Eerbied vir gesag bring dus 'n loon mee.

As die ouer-kind-verhouding normaal is, word nie veel probleme in die huis gevind nie. Op die gesag van die ouer reageer die kind met eerbied, met ontsag en met liefde. Wat hier geleer word, word later van toepassing in al die ander gesagskringe.

Wat om te verwag

Rewolusie loop uit op dwingelandy. Uit die rewolusie kom altyd die magsfiguur te voorskyn. Dan moet gesag met die swaard afgedwing word. In sowel Rusland as in Frankryk is die vrug van die rewolusie gesien. Duisende en miljoene lewens is vir hierdie god geoffer. Die

uiteinde was verslawing.

Alleen die Evangelie maak die mens vry. Gehoorsaamheid bring nooit slaafse onderwerping nie. Gesagseerbiediging werk in die lewe verheffend.

Hy wat die gesag uitoefen, moet homself sien as deur God daartoe geroep. Opstand teen gesag is slegs geregverdig as eise aan die persoon gestel word wat in botsing is met die eise van God.

Genade nodig

Ons Here Jesus was in ons plek gehoorsaam tot die dood toe. Alleen deur die geloof in Hom kom daar in die mens se hart eerbied vir gesag. Daarom maak die Evangelie vry.

'n Gelukkige en voorspoedige samelewing is alleen moontlik waar die mens geleer het om te buig voor gesag, ja, te buig voor die hoogste Gesag.

L. Buys.

S.O.S.

Gevaar

Mense word op verskillende maniere en verskillende tye deur een of ander gevaar bedreig. Ons dink gewoonlik aan gevaar as die lewe werklik in gedrang kom. Ons ken die gevaar op ons paaie. Ons weet van gevare in fabrieke. Op byna elke moontlike plek is ons blootgestel aan een of ander gevaar. Wat gevaarlik is, is dat ons soms die werklike gevaar nie besef nie, selfs nie daarvan wil weet nie en so in 'n toestand van onverskilligheid teenoor die gevare te staan kom. Dit is dan wanneer die ongeluk onverhoeds kom. Ons weet van baie gevare wat die lewe hier op aarde bedreig. Die grootste gevare is dié wat nie onmiddellik waargeneem kan word nie.

Waarsku

Ons word dikwels teen gevare gewaarsku en soms was so 'n waarskuwing net betyds. 'n Mens voel dankbaar teenoor iemand wat jou gewaarsku het. U is seker ook al gewaarsku en het sodoende in u pasoppens gebly. Miskien het u selfs u lewe aan 'n tydigde waarskuwing te danke. Daarom moet u nou ook goed luister.

Net een Naam — U het die Naam seker al in een of ander verband gehoor. Baie gebruik dit as 'n kragwoord; dit word saam met ander woorde ingeryg in woede en drif. In kroeg- en straattaal hoor ons dikwels hierdie Naam.

Miskien was u al in die kerk met 'n troue of begrafnis. Hier sou u hierdie Naam ook gehoor het. Miskien het 'n gelowige vriend of vriendin al hierdie Naam genoem in u teenwoordigheid: die naam "Jesus."

U sou opgemerk het dat 'n mens dié Naam kan gebruik met gesindhede wat hemelsbreed van mekaar verskil. Dis 'n Naam wat of die meeste gehaat of die meeste bemin word. In werklikheid kan hierdie Naam deur niemand geïgnoreer word nie. Ons het met die Naam te doen — of ons dit wil weet of nie.

Luister wat Lukas sê oor hierdie Naam: "En die saligheid is in niemand anders nie, want daar is ook geen ander naam onder die hemel wat onder die mense gegee is, waardeur ons **gered** moet word nie."

Red

As iemand uit groot nood en gevaar gehelp word, sê ons: "Die persoon is gered". Dit is dus **'n ontcoming ter nouernood**. As daar nie op dié tydstip iemand opgedaag en hulp onmiddellik aangebied het nie, was daardie persoon dood. Van redding is daar dus sprake in geval van doodsgevaar. Red beteken dus: Die persoon is gehelp, het ontkom, die lewe is behou en die gevaar is afgewend.

Redding is soms alleenlik ook moontlik as daar geroep word om hulp. Die enkele roep "Help!" was al meer as een mens se uitkoms.

Hoe dit u mag raak

Ek ken u nie, maar ek weet u verkeer in gevaar. U wat u God vergeet het, u wat nie meer bid nie en u wat so selfversekerd elke dag leef sonder die Bybelwoord, speel met vuur.

U het vyande wat meer belangstel in die doodmaak van u siel as in die doodmaak van u liggaam. U verkeer in groot gevaar. Niks en niemand op aarde kan u hier hulp bied nie. U sal nou hulp moet soek by Een wat werklik hulp kan bied.

Jesus kan en wil help!

Hy het ons doodsvyande oorwin. Voor Hom moes hulle op die vlug slaan. Jesus weet van u. U S.O.S. sal hom betyds bereik. Moenie huiwer nie.

- U het Hom nodig.
- U het Hom nou nodig.
- Dit kan vinniger as wat u dink, te laat wees.
- Die vyande slaap nie.
- Ons lewe is in gevaar.
- Het u al die nood besef ?

Die NAAM Jesus spel vir ons geluk, saligheid, behoudenis, ontkoming, ewige lewe, vreugde en oorwinning.

Sonder Hom is dit verderf, dood, buitenste duisternis, ewige ongeluk, pyn, smarte, wanhoop en ewige verydeling.

Wees gewaarsku!! S.O.S.!!

L. Buys.

. . . ook JOU Verlosser

Jy maak 'n fout

Jy is nie so wonderlik as wat jy dink nie. Jy is ook nie so sterk as wat jy dink nie. Jy kan nie die duiwel jou huis belet nie. Jy kan nie die sonde uit jou hart verjaag nie. Dink jy miskien jy kan jou deur vir die dood sluit? Ek verseker jou, hy kom.... Hy kom jou huis binne... Hy kom na **jou** toe. Jy sal nie die deksel van die doodskis van jou aflag nie. Jy sal die graf nie oopstoot nie. As jy dit besef, sal jy nie strelend oor jousef dink nie.

Twee mense

Ek wil jou twee mense voorhou. Een het baie strelend oor homself gedink en die ander een het met afsku aan homself gedink. U vind hulle in die gelykenis van die Here oor die Fariseër en die Tollenaar (Lukas 18:9-14).

Die Fariseër

Hy het daar voor gaan staan en voor God 'n lofrede oor homself gehou. Hy het voor die Here enkel en alleen 'n goeie woord oor homself gehad. Vir sy gedagte het hy nie 'n Verlosser nodig gehad nie, maar hy was een van dié mense wat weduwees en wese beroof het. Hy was liefdeloos, geldsugtig en eersugtig. Hy het met sy mooi klere rondgeloop en op die straat en mark die begroetings ontvang. Hy het homself bedrieg. Die Here Jesus Christus noem hom 'n slang, addergeslag en witgekalkte graf. Moet jousef asseblief nie só bedrieg nie.

Die Tollenaar

Hy het daar agter gaan staan. Hy het nie die moed gehad om vorentoe te kom nie. Nee, hy het nie eers die moed gehad om op te kyk nie. Sy hart was vir homself vuil, 'n sondemoeras. Hy kon na niks goeds by homself verwys nie. Hy het dit geweet. Die Here het dit aan hom ontdek deur sy Gees. Dit was vir hom 'n groot smart. Al wat hy kon doen, was om te bid: Wees my sondaar, genadig! Met ander woorde: Wees my Verlosser!

Hierdie tollenaar het reg gebid. Die Here is genadig en het 'n Verlosser voorsien om vuil sondaars uit die slyk en modder te haal: **Onse Here Jesus Christus**

Op **Hom** wil ek jou wys. Hy het sy lewe afgelê vir sondaars. Hy het gesterwe vir die mense wat nie strelend oor hulself dink nie. Hy-self het gesê Hy het gekom om te red dié wat verlore gaan. Uit sy mond hoor ons: kom na My toe. Die wat Hy só roep, is slegte mense, doemelinge.

Slegte mense?

Ja, jy moet dit weet. Daar is nie "goeie" mense nie. Almal is sleg. Ook dié wat so strelend oor hulself dink, is sleg. Almal is nie net sleg nie, maar ook magteloos teen die dood en die hel.

Jy ook

Jy is ook sleg en magteloos. Jy kan jousef nie red nie. Jy kan jou lewe teen die mag van die dood nie behou nie. Jy het 'n Verlosser nodig en daardie Verlosser is die Here Jesus Christus. Mag die Here dit aan jou ontdek deur sy Gees. Mag Hy jou "eie-ek" vermurwe, sodat jy Hom sien, die grote Christus.

Hy wil **jou** ook verlos en **jou** red van die verderf. Soek Hom dan, terwyl Hy nog te vinde is.

Ds. R. S. J. van Wyk.

"SIEN IS GLO"

Jy sê julle verkondig Christus — dat Christus die Weg en die Waarheid en die Lewe is?

Hoe moet ek dit aanvaar? Deur geloof?

Jy weet, ek is 'n nugter mens. Ek aanvaar net wat met harde feite gestaaf kan word. Jy ken mos die spreekwoord wat sê: "sien is glo". Dit is hoe ek voel.

Gee daarom vir my die wetenskap. Daarin is sekerheid. Die wetenskap laat 'n mens **sien**, sodat jy kan **weet**. Ek wil bewyse hê, man!

* * *

Ja, vriend, jy is in sekere opsigte reg. **Sien** is glo, maar het jy geweet dat daar waarhede is wat **nie** gesien kan word nie? Waarhede wat ewige betekenis vir jou het? Jy sê jy soek bewyse?

Die Bybel sê: "**die geloof** is 'n bewys van die dinge wat ons nie sien nie" (Hebr. 11:1).

Weet jy dat die wetenskap-self erken dat dit byna niks weet nie — dat baie wetenskaplike resultate maar nog voorlopig is? Die beroemde Engelse wetenskaplike, die grondlegger van ons moderne ruimtevaart, Isaac Newton, het die Openbaringboek in die Bybel ywerig bestudeer. Hy het daarvan die volgende gesê: "Ek het die gevoel dat ek met my wetenskap by 'n grens gekom het, maar hierdie boek bring my **oor** die grens".

En so is dit! Wanneer ons Christus verkondig, dan het ons met ewige waarhede te doen wat ons nie kan sien nie, maar deur die geloof **weet** ons dit! Selfs in die wetenskap bestaan daar grondbegrippe wat ons nie kan bewys nie, maar wat ons sondermeer aanvaar.

Geloof en wetenskap staan dus nie teenoor mekaar nie. Eerder blyk uit die wetenskap die waarheid van Gods Woord: Omdat ons glo, daarom weet ons! Daarom kon die apostel so pragtig sê: "Omgord die lendene van julle verstand, **wees nugter** en hoop volkome op die genade wat julle deel word by die openbaring van Jesus Christus." (1 Petr. 1:13).

P. J. J. van der Walt.

WAT VAN MY?

'n Predikant het eenmaal 'n eenvoudige preek gehou oor die woorde: "En hulle het die man na Jesus gebring".

Na afloop van die diens, toe hulle op pad huis toe was, het 'n dogtertjie vir haar moeder gesê: "Mammie, dit was 'n mooi preek".

"So", sê die moeder, "en wie wil jy na Jesus toe bring?"

'n Veelseggende trek het oor die dogtertjie se gesig versprei terwyl sy in kinderlike eenvoud antwoord: "Ek wil myself na Hom toe bring, Mammie."

GEEN VREDE NIE

Geen vrede in u hart nie!

As u eerlik wil wees, moet u erken dat dit 'n goeie aanduiding is van hoe u innerlik voel.

U het geen ware innerlike vrede nie.

Daar is 'n gebrek aan kalmte en rus in u gemoed.

U lewe is vol onrus, bekommernis, kwellings en senuweespanning.

U is altyd haastig. U moet gedurig in *hoogste versnelling* beweeg *om al u verpligtinge* te kan nakom.

U voel egter dat hierdie stand van sake stadigaan vir u te veel word. U kan nie meer byhou nie. Bowendien smag u ook daarna om weer ware rus in die hart en vrede in u gemoed te kry.

Om u te help, wil ek vandag reguit met u praat, maar ek wil u vooraf waarsku dat ek miskien dinge gaan sê wat u gaan skok. Al wat ek van u vra, is om dit wat ek gaan sê, nie maar vererg van u af weg te stoot nie, maar dit 'n bietjie goed te oordink.

Weet u waarom is u lewe so vol onrus en mis u die gevoel van vrede in u hart?

Omdat u lewe van God losgeraak het.

Skok dit u dat ek dit durf sê? Onthou, ek het u gewaarsku dat ek skokkende dinge aan u oor u eie lewe gaan sê.

Ek reken egter dat ek op grond van die Bybel die reg het om dit aan u te sê, want ek lees daarin onder andere hierdie woorde: "Geen vrede, sê my God, vir die goddelose nie (Jes. 57:21).

Ja, u het geen vrede nie, omdat u goddeloos geword het. Ek, goddeloos? — vra u miskien. Ja, want kyk die woord **goddeloos** beteken letterlik: **sonder God**, en **'n van God losgeraakte** lewe is tog 'n lewe sonder God, dus 'n goddelose lewe.

Ek weet dat u op hierdie stadium voel dat my oordeel oor u hard is. U voel dat ek die woorde **van God losgeraak** en **goddeloos** nie sommer so op u lewe kan toepas nie, want u is tog nog lidmaat van die kerk; u gaan ook so af en toe kerk toe; u het nog 'n Bybel in u huis — al moet u erken dat u dit nie baie gereeld lees nie; u bid ook so af en toe as u so voel.

Moenie bekommerd wees nie — ek weet dat u al hierdie dinge doen. Nogtans hou ek vol dat u lewe goddeloos geword het en dat dit die rede is waarom u geen innerlike rus en vrede het nie.

Kom ons ontleed u lewe so 'n bietjie. U is baie besig. U werk hard en kom saans moeg tuis.

Dit is goed. Die Here wil hê ons moet hardwerkend wees. Die fout kom daarby dat u lewensleuse geword het: **Ek doen dit self!** U sorg **self** vir u en u gesin. U bou **self** u eie koninkryk. U wil **self** u eie ideale verwesenlik.

Omdat **uself** alles wil doen, is u so verskriklik besig. Daarom het u nie meer tyd vir uself, vir u gesin, vir u siel, vir u God nie.

U is so besig met u eie sake dat u Sondag byna as 'n sonde beskou, want daar is so baie werk dat u Sondag eintlik ook wil werk. U smag eintlik na 'n sewedag-werksweek.

U reken nie meer met so iets soos die seën van die Here nie, want u wil mos alles **self** doen. Daarom het u God vir alle praktiese doeleindes "uitgeskakel" uit u lewe. Nou bid u nie meer nie, want u het nie tyd daarvoor nie. U dank ook nie vir dit wat u ontvang het nie, want u sien geen rede waarom u dit moet doen nie. U het dit mos alles **self** gedoen. U het nie meer Sondag vir rus na liggaam en siel nodig nie, want as u wil rus, neem u vakansie.

Die praktyk van u lewe getuig daarvan dat u God eintlik "met langverlof gestuur het". Nee, u het veel meer gedoen: u het Hom "ontslaan" sover dit u lewe betref, sy setel 'n rukkie vakant gelaat en toe self daarin gaan sit en die septer van die regering van u lewe in u **eie** hande geneem.

Nou doen u alles self. Nou het u God nie meer nodig nie. U het nou goddeloos geword.

Meer nog: u het u eie god geword. U probeer wees wat u nie kan wees nie.

Daarom is daar soveel onrus en onvrede in u hart, want as 'n mens dit probeer wees wat jy nie kan wees nie, het dit altyd onrus en onvrede tot gevolg. U probeer u eie god wees wat u eie lewe stuur en lei en u kan dit nie wees nie. Daarom is u gefrustreerd. Daarom is u so vol bekommernis en spanning. Daarom mis u die ware kalmte en rus en vrede in u gemoed.

U hele lewe wat van God losgeraak het, bevestig die waarheid van die Bybelwoord: "Geen vrede, sê my God, vir die goddelose nie".

Nou is die blydschap weg uit u lewe. Daar is altyd 'n diep plooi op u gesig. U kan nie meer lekker lag nie. Omdat u God wegstoot uit u lewe en alles self wil doen, word u vroeg oud. U voel nou al dat u met vervroegde pensioen sal moet aftree, en as dit so aangaan, sal u sterwe "voor u tyd".

Geen vrede vir u nie. U vra wat u dan moet doen om weer vrede te vind. Die antwoord is duidelik: u moet terug na God toe. U moet Hom weer dien en eer soos Hy van u verwag om dit te doen. Ja, u moet hard werk, maar in u werk altyd rekening hou met die Heer en bid om die seën van die Here op u werk, want sonder sy seën beteken al u werk tog niks.

In Ps. 127 lees ons: "Tevergeefs dat julle vroeg opstaan, laat opbly, brood van smarte eet — net so goed gee Hy dit aan sy beminde in die slaap". Sorg daarom dat u 'n beminde van die Here is. Dit kan u doen deur u tot Hom te bekeer, deur Christus in die geloof as u Redder en Verlosser aan te neem.

Dan sal daar ware rus en vrede in u hart kom en daarin bly — dié rus en vrede wat Christus ook aanbied as Hy ook aan u sê: "Kom na My toe, almal wat vermoeid en belas is, **en Ek sal**

VYE VAN DISTELS

'n Boer het op 'n sekere dag vir sy dienskneg gesê: "Gaan na die land daar onder in die laagte en saai daar koring". Die dienskneg het dadelik gegaan, maar in plaas van koring het hy hawer gesaai.

Na verloop van tyd wou die boer sy land gaan besigtig, maar wat was hy nie ontsteld nie: inplaas van koring het hy hawer gevind. Dadelik het hy sy dienskneg laat roep en woedend uitgeroep: "Wat het jy nou aangevang? Ek het gesê jy moet koring saai en hier staan hawer!"

"Meneer", het die dienskneg gesê, "ek het gedoen soos u my geleer het: U saai vloektaal en dan verwag u daar sal respek opkom; u saai nyd en dan reken u daar moet liefde groei. Toe het ek hawer gesaai en gemeen miskien kom daar koring op".

julle rus gee''.

P. J. de Bruyn.

Verlos Christus almal?

Verstaanbaar

Is dit ook een van die dinge van die kerk wat u nie kan verstaan nie? Die kerk noem homself **Christelike kerk**. Die predikant gaan deur vir 'n **Christen**. Die lidmate beroem hulle daarop dat hulle **Christene** is. Met ander woorde: kerk en predikant en lidmaat beroem hulle daarop dat hulle in 'n sekere verband met Christus staan. Hulle sê dat hulle gered is deur Jesus Christus. Hy het sy bloed vir hulle gestort. Hy is gekruisig en het daarmee geboet vir die sondes van die mensdom.

Onverstaanbaar

Tot hiertoe kan u saamstem en wil u saamstem. U wil dit graag aanvaar dat Hy ook u Verlosser is, maar nou kan hierdie kerk en predikant en lidmaat so gou praat van die hel en helse straf. Het Christus dan nie alle mense verlos nie? Sou Hy so kleinlik wees om net sommige uit te kies? Sou Hy dan so swak wees dat Hy die hel nie ten volle kon oorwin nie?

Wat sê die Skrif

Ons is bly dat u sê dat u in Christus glo en ook bly om te weet dat u glo dat Hy die Verlosser is. U geloof is egter verwronge. Dit kom baie kort. Die Skrif sê wel dat God wil dat alle mense salig sal word, maar dit sê nie dat almal wel salig word nie. Inteendeel! Luister maar wat Jesus self sê: "Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê." (Johannes 3:16).

Alleenlik die wat **glo**, gaan nie verlore nie.

Lees ook verder Openbaring 20:15: "En as dit bevind is dat iemand nie opgeskrywe was in die boek van die lewe nie, is hy in die poel van vuur gewerp."

Die hel is dus nie maar 'n bangmaakstorie van die predikant of kerk om u, deur vrees, die kerk binne te dryf nie. Dit is 'n werklikheid wat die kerk nie mag verswyg nie — dit moet duidelik verkondig word.

Nou is dit logies dat u sou vra waar u staan. Dan wil ons weer sê: Ons is bly dat u sê dat u in Christus glo. Mag hierdie geloof nie verwronge wees nie, maar meer deurdronge van die ware kennis wat u in die Skrif kry. Dit is nie genoeg dat u glo dat Jesus 'n Verlosser is nie. U moet glo dat Hy u Verlosser is, dit bely, dit ook openbaar in die vrugte van die geloof: goeie werke, gehoorsaamheid, bekering. Dan sal u nie meer so vol kritiek wees teen dit wat die kerk en die predikant en lidmaat aan u verkondig nie, maar eerder uitroep:

Ek dank God wat deur Christus ook aan my gedink het. Ek verdien die hel. Tog het ek ontvang: die ewige lewe!

J. H. van der Walt.

KONSEKWENTE REDENASIES

U sê:

Ek gaan nie kerk toe nie omdat:

- ek as kind te veel kerk toe moes gaan;
- ek te lank in die kerk moet sit;
- daar altyd in die kerk gekollekteer word;
- die predikant my nooit kom besoek nie;
- ek Sondag te moeg is van die hele week se werk.

Sal u nou ook sê:

Ek gaan nie bioskoop toe nie omdat:

- ek as kind te veel moes bioskoop toe gaan;
- ek te lank in die bioskoop moet sit;
- ek altyd toegangsfooie by die bioskoop moet betaal;
- die bestuurder van die bioskoop my nooit kom besoek nie;
- ek saans te moeg is van die hele dag se werk.

Wees konsekwent. As u om bogenoemde redes nie van die bioskoop af wegbly nie, waarom bly u dan van die kerk af weg?